## 12 Junie - JERUSALEM

**Skrifgedeelte: Lukas 19:28-44**
**Fokusgedeelte: Lukas 19:42 & 44**

Net voordat Jesus Jerusalem ingaan – ironies genoeg beteken Jerusalem Huis van vrede – sê Hy: *"As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is!"* Die Koninkryk van Christus is veel meer as net 'n fisiese, aardse koninkryk. Dit is 'n geestelike koninkryk.

Hierdie volgelinge van Jesus het hulle vrede gesoek in die verwagting dat die volk Israel in sy eer en mag herstel sal word. Hulle het die soort vrede gesoek wat beteken dat al hulle teenstanders uit die weg geruim sal word. Hulle het gehoop dat hulle weer die naam Godsvolk sal ontvang. Hulle sig was beperk tot die aardse.

Dit is ook die rede hoekom Jesus in vers 41 begin huil. Hy huil omdat hierdie stad en mense se oë nog nie op Hom as hulle Redder gefokus is nie. Hulle soek nog nie hulle vrede in Hom nie. Hulle aandag word afgetrek deur die sondige begeertes van die wêreld. Hulle kyk vas in gewone mense, en so verspeel hulle hul kanse.

In plaas daarvan om Jesus Christus te volg en in Hom vrede te soek, verloën, spot, spoeg, slaan en kruisig hulle Hom.

Toe Jesus oor die bult kom en Jerusalem sien, het hy begin huil omdat daardie mense nie geweet het waaruit hulle ware vrede sal ontvang nie. Hulle het nooit Jesus Christus as hulle Verlosser en Saligmaker geken nie.

Ons moenie dat Jesus met sy wederkoms treur, omdat ons nie weet waar ons vrede vandaan kom nie. Verkondig hierdie evangelie van vrede. Dit is 'n voorreg om dit te mag hê, maar ons het die verantwoordelikheid om dit uit te dra.

*Sing: Skrifberyming 1-2:1* *Ds PJ de Bruyn (Gobabis)*